



syngenta

Reg. Nr. L10761 Wet Nr. 36 van 1947

'n Suspensiekonsentraat swamdoder vir die voorkomende beheer van siektes in gewasse soos aangedui.

GROUP 7 SWAMDODER

Aktiewe Bestanddeel:
ADEPIDYN™ (pydiflumetofen)... 200 g/l

Product names marked ® or ™, the ALLIANCE FRAME the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company



WAARSKUWING

Gevaarstellings: Word daarvan verdink dat dit kanker veroorsaak. Word daarvan verdink dat dit vrugbaarheid beskadig. Giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

Voorsorgaanbevelings: Voorkoming: Kry spesiale instruksies voor gebruik. Moenie hanteer voordat alle veiligheidsmaatreëls gelees en verstaan is nie. Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming/gehoorbeskerming.

Reaksie: Indien blootgestel of bekommerd, kry mediese advies/aandag. Versamel gemorsde produk. **Berging:** Stoor toegesluit. **Verwydering:** Gooi die inhoudhouer weg na 'n goedgekeurde herwinningsaanleg.

NOOD TEL NO.:
+27 82 446 8946 (Griffon)

UN 3082

Registrasiehouer
Syngenta SA (Edms.) Bpk.
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

1. WAARSKUWINGS:

Gevaarstellings: Word daarvan verdink dat dit kanker veroorsaak. Word daarvan verdink dat dit vrugbaarheid beskadig. Giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

Onthoudingsperiodes: Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes.

APPELS EN PERE..... 28 dae
DRUIWE (tafel- en wyndruiwe)..... 7 dae

LET WEL: Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, MRL-vereistes en aanbevole onthoudingsperiodes.

- Lees veiligheidsinstruksies voor oopmaak en gebruik.
- Om die risiko van skade aan mens en omgewing te vermy, voldoen volledig aan die gebruiksinstruksies.
- Mag skadelik wees as ingeasem of ingesluk word.
- Irriterend of skadelik vir oë en vel.
- Giftig vir visse en ander water organismes, met langdurige effekte. Vermy kontak met akwatiese omgewings.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van kos en voer.
- Moenie eet, drink of rook tydens hantering van die produk nie.
- Vermy die kontaminasie van kos, voer, drinkwater en eetgerei.
- Moenie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.
- **Herbetreding:** Moenie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermde oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend

sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloed op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

2. VOORSORGMAATREËLS:

Voorsorgaanbevelings: Voorkoming: Verkry spesiale instruksies voor gebruik. Moenie hanteer voordat alle veiligheidsmaatreëls gelees en verstaan is nie. Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming/gehoorbeskerming. **Reaksie:** Indien blootgestel of bekommerd, kry mediese advies/aandag. Versamel gemorsde produk. **Berging:** Stoor toegesluit. **Verwydering:** Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningsaanleg.

- Hou buite bereik van kinders en onervare persone.
- Moenie saam met kos stoor of vervoer nie.
- Vermy kontak met oë en vel.
- MOENIE die spuitnewel inasem nie.
- Tydens toediening, vermy sover moontlik kontak met die spuitmengsel.
- Kontaminasie van ander gewasse, weiding, riviere of damme, deur die spuitnewel moet vermy word.
- Maak die spuittoerusting deeglik skoon na gebruik en raak ontslae van die waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme kan kontamineer nie.
- As klere gekontamineer word met produk of nat raak gedurende toediening, ruil dit onmiddelik vir skoon klere en was die gekontamineerde klere. Was ook jouself.
- Werkers moet beskermende klere gebruik. Gedurende die voorbereiding en gebruik van die spuitoplossing,

dra: Katoenoorpakke toegeknoop tot by die nek en toe tot by die pols, 'n wasbare hoed, elumboog lengte PVC handskoene, veiligheidsbrille en weggooibare mismasker wat die neus en mond bedek.

- Na gebruik en voor eet, drink of rook, was hande, arms en gesig deeglik met seep en water. Na elke dag se gebruik, was handskoene, veiligheidsbrille en gekontameneerde klere. Stoor in die toe, oorspronklike houër, in 'n koel, geventileerde spasie. Vermyn temperature onder 0°C en bo 35°C.
- Hou die leë houër onderstebo oor die spuit- of mengtenk, wanneer die vloeï na 'n drup oorgaan laat vir ten minste nog 30 sekondes dreineer. Daarna moet die houër drie (3) maal gespoel word met 'n minimum water volume gelykstaande aan 10% van die houër se volume. Die spoel water moet by die spuittenk gevoeg word en die leë houër moet vernietig word.
- Vernietig leë houers op die voorgeskrewe wyse en moenie vir enige ander doel gebruik nie.

Noodhulp en Mediese Behandeling

- As vergiftiging plaasvind kontak 'n dokter of die Tygerberg gifstofbeheersentrum by 0861 555 777 of die Griffon gifstofbeheersentrum +27 82 446 8946.
- In geval van vergiftiging hou die produkhouer en etiket byderhand wanneer die gifstofbeheersentrum of dokter gekontak word of as behandeling gesoek word.

Nota aan dokter: Daar is geen spesifieke teenmiddel beskikbaar nie. Behandel simptome en moenie vomering induseer nie.

- **Indien ingeneem/ingesluk:** Kontak 'n gifstofbeheersentrum of 'n dokter dadelik vir behandelingsadvies. MOENIE braking induseer nie. MOENIE enige iets mondelings gee aan 'n bewustelose persoon nie.
- **Indien in kontak met vel of klere:** Verwyder gekontameneerde klere dadelik. Was vel dadelik met seep en spoel met baie water vir 15 - 20 minute. Kontak 'n gifstofbeheersentrum of 'n dokter dadelik vir behandelingsadvies. Was gekontameneerde klere voor hergebruik.
- **Indien ingeasem:** Skuif persoon na vars lug. Indien die persoon nie asemhaal nie, kontak 'n ambulans, gee dan kunsmatige asemhaling, verkieslik mond-tot-mond. Hou die persoon warm en rustig. Kontak 'n gifstofbeheersentrum of 'n dokter dadelik vir behandelingsadvies.
- **Indien in kontak met oë:** Hou oog oop en spoel stadig en versigtig met baie water vir 15 - 20 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na die eerste vyf (5) minute. Gaan dan voort om die oog te spoel. Kontak 'n gifstofbeheersentrum of 'n dokter dadelik vir behandelingsadvies.

3. RELEVANTE STOWWE:

Chemiese naam	
pydiflumetofen	
Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Karc. 2; H351 Repr. 2; H361f	≥ 10 - < 20

pydiflumetofen vervolg

Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Akwaties Akut 1; H400 Akwaties Chronies 1; H410	
M-Faktor (Akute akwatiese toksisiteit): 1 M-Faktor (Chroniese akwatiese toksisiteit): 1	≥ 10 - < 20

4. WEERSTANDBESTUUR:

MIRAVIS word geklassifiseer as 'n groepkode 7. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **MIRAVIS**, of enige ander groepkode 7 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Aangesien die produkeienaar nie die ontwikkeling van weerstand kan voorsien nie, sal die maatskappy geen verantwoordelikheid aanvaar vir skade of verliese ervaar as gevolg van die gebrek in aktiwiteit van **MIRAVIS** teen hierdie moontlike weerstandbiedende rasse nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermyn die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van swamdoders in dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Sien toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gebruik word.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur, kontak die registrasiehouer van die produk (Syngenta Suid-Afrika) of besoek die FRAC webtuiste by <http://www.frac.info/frac/index.html>.

5. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Deeglike, eweredige bedekking is noodsaaklik vir effektiewe siektebeheer.

5.1 Algemene Informasie

MIRAVIS is 'n sistemiese swamdoder vir die voorkomende beheer van blaarsiektes in verskeie gewasse.

Dit bevat 'n nuwe aktiewe bestanddeel ADEPIDYN™ (ISO algemene naam Pydiflumetofen) vanuit die karboksamides chemiese groepering. Die metode van werking van die aktiewe bestanddeel is inhibisie van respirasie. **MIRAVIS** beskik oor 'n breë spektrum van siektebeheer van verskeie gewasse. Dit beskik oor besonders goeie effektiwiteit teen blaarvlekke en poeieragtige meeldou.

ADEPIDYN™ (Pydiflumetofen) is 'n breë spektrum swamdoder binne die chemiese groepkode 7; inhibeerders van suksinaat-dehidrogenase of SDHI (FRAC). Hierdie groep inhibeer Kompleks II van respirasie binne die mitochondria van patogeniese swamme, dus behoort dit aan die SDHI swamdoder groep. ADEPIDYN™ het 'n langdurige

residuele effek, wat verseker dat blare beskerm bly en ook lei tot vertraging in die veroudering van die blare, wat beteken die blare bly groen vir langer en die maksimum opbrengspotensiaal van die gewas word bereik. **MIRAVIS** breek vinning af in die omgewing wat verseker dat daar geen negatiewe effekte op die ontkieming en vestiging van rotasie gewasse sal wees nie.

5.2 Mengbaarheid

- As **MIRAVIS** in 'n tenkmengsel kombinasie gebruik word, meng klein hoeveelhede van die chemikalieë met water om die fisiese mengbaarheid van die komponente te toets.
- Voeg die produkte apart by die water in die spuittenk. Voeg die produkte saam terwyl die mengsel voortdurend geroer word en kyk uit vir enige tekens van onverenigbaarheid bv. flokkulasie ens.
- In die geval van onverenigbaarheid moet kennis geneem word van alle WAARSKUWINGS, VOORSORGMAATREËLS en AANWYSINGS op die etiket.

MIRAVIS is mengbaar met verskeie swam- en insekdoders en kan in tenkmengsels of afwisselend, teen geregistreerde dosisse, in 'n seisoenlangesiektebeheerprogram gebruik word. Leiding oor mengbaarheid vir elke gewas word in die aanbevelingsafdeling gegee en moet gevolg word.

5.3 Menginstruksies

MIRAVIS is 'n suspensiekonsentraat wat verdun moet word met water. Volg hierdie instruksies om te verseker die spuitmengsel word behoorlik voorberei:

- Maak seker die spuitapparaat is in 'n goeie, werkende toestand en is korrek gekalibreer.
- Maak die spuittenk halfvol met skoon water, skud die **MIRAVIS** houër deeglik net voor gebruik.
- Voeg die benodigde hoeveelheid **MIRAVIS** in die spuittenk. Sodra die produk in gegooi is, sit die prop terug op die houër.
- As 'n tenkmengsel gemaak word, voeg die produkte by volgens hierdie volgorde (soos toepaslik): Bevorderingsmiddels/versuringsmiddels, wateroplosbare korrels of sakkies, benatbare poeiers, suspensiekonsentrate, emulgeerbare konsentrate, oplosbare vloeibare formulasies en bymiddels.
- Vul die spuittenk tot by die verlangde volume terwyl voortdurend geroer word om deeglike vermenging te verseker voordat daar met toediening begin word.
- Handhaaf roering tydens toediening.
- Aangemaakte spuitmengsel moet nie in die spuittenk gelos word vir meer as ses (6) ure nie, anders kan die effektiwiteit van die mengsel verminder as gevolg van afbreking van die produk.

5.4 Algemene Instruksies

Dit word aanbeveel dat **MIRAVIS** op alle gewasse voorkomend toegedien word om siektes te beheer.

5.4.1 Grondtoediening

- **MIRAVIS** moet toegedien word as 'n voorkomende

voldekkbespuiting vir die beheer van die siektes genoem.

- Wanneer **MIRAVIS** toegedien word, verseker goeie bedekking van die blare van die gewas wat beskerm moet word.
- Maak seker dat die spuitapparaat in 'n goeie, werkende toestand is en dat die balk verstel is tot 'n hoogte wat totale dekking sal verseker.
- Verseker goeie bedekking van die hele plant (stamme en beide oppervlakke van die blare) deur gebruik te maak van genoeg water en 'n spuitapparaat wat 'n hoë druk kan handhaaf.
- Vermyn verdamping en spuitstofwegdrywing.

6. AANBEVELINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

APPELS EN PERE

Plaag	Dosis
Skurf (<i>Venturia inaequalis</i>) Poeieragtige meeldou (<i>Podosphaera leucotricha</i>)	Grondtoediening 20 - 25 ml/100 ℓ
Opmerkings <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe as 'n voorkomende spuit wanneer omgewings-toestande siekte-ontwikkeling bevoordeel. Begin toedienings met die aanvang van die blom periode en herhaal teen 7 - 14- dag intervalle. • Gebruik die hoër dosis en korter interval wanneer die omgewings toestande siekte-ontwikkeling bevorder. • Moenie meer as vier (4) keer per seisoen toedien nie. • As gebruik word in mengsels, dien toe in 'n blok van maksimum twee (2) agtereenvolgende bespuitings voor afgewissel word met 'n swamdoder met 'n ander metode van werking. • Dien toe met 'n geskikte water volume om totale bedekking te verseker. • Wissel toedienings van swamdoders met ander metode van werking af in 'n seisoenlangesiektebeheerprogram. Volg FRAC riglyne (afdeling 4). 	
Spuitvolume Grondtoediening: 500 - 1 500 ℓ water/ha.	

DRUIWE

(Tafel- en wyndruiwe)

Plaag	Dosis
Poeieragtige meeldou (<i>Uncinula necator</i>)	20 - 25 ml/100 ℓ
Opmerkings <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe as 'n voorkomende spuit wanneer omgewingstoestande siekte-ontwikkeling bevoordeel. • Moenie MIRAVIS vir meer as 50% van die totale hoeveelheid bespuitings in die seisoen gebruik nie. • As gebruik word in mengsels, dien toe in 'n blok van maksimum twee (2) agtereenvolgende bespuitings voor afgewissel word met 'n swamdoder met 'n ander metode van werking. • Wissel toedienings van MIRAVIS af met swamdoders met ander metode van werking, teen 'n geregistreerde etiket dosis, in 'n seisoen lange siekte beheer program. • Dien toe met 'n geskikte water volume om totale bedekking te verseker. • Vir die gebruik van MIRAVIS in 'n seisoenlangesiektebeheerprogram - volg FRAC riglyne (afdeling 4). 	

DRUIWE vervolg

Poeieragtige meeldou beheer

- Dien toe vanaf uitloop stadium/3 blare ontvou (BBCH13) teen 10 - 14-dag intervalle. Gebruik die korter interval wanneer die siektedruk hoog is.
- Moenie meer as vyf (5) toedienings gedurende die gewas siklus gebruik nie.

Spuitvolume

Grondtoediening: Poeieragtige meeldou: 500 - 1 000 ℓ water/ha.

MIRAVIS™ en **ADEPIDYN™** is geregistreerde handelsname van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

© **SYNGENTA AG, 2000.** Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtige vermeerdering word verbied.

SA. Reg.: 2019-11-18